

NAAM VAN LEERDER:
DATUM:

GRAAD: A



PAUL ROOS GIMNASIUM BETALING VAN SKOOLGELD – BEPALINGS EN VOORWAARDES

PRG hef, volgens wet, verpligte skoolgeld ten opsigte van elke leerling. Elke ouer se bydrae is onontbeerlik vir die optimale funksionering van die skool. Dit stel ons in staat om aan u seun al die moontlike geleenthede te bied om sy drome te bewaarheid. Betaling van skoolgeld is onderhewig aan die volgende bepalinge en voorwaardes:

1. Beide die vader en moeder en/of waar van toepassing, enige voog, van elke leerder is aanspreeklik, gesamentlik en afsonderlik, vir betaling van skoolgeld.
2. Betaling moet stiptelik teen die betaaldatum geskied. Skoolgeld is volledig betaalbaar aan die begin van die akademiese jaar. Indien maandelikse betaling aangebied en deur PRG aanvaar word, moet betaling stiptelik voor of op die 2de dag van elke maand vanaf Februarie tot November geskied. Die ouer/voog dra uitdruklik self verantwoordelikheid vir die betalingswyse gekies, d.w.s per debietorder, of elektroniese oorplasing. **Sou enige betaling nie teen die betaaldatum ontvang word nie, word die volle uitstaande jaarbalans van skoolgeld, soos op datum van nie-betaling, onmiddellik volledig betaalbaar. PRG mag dan, sou volledige betaling nie onmiddellik geskied nie, die volle bedrag vir invordering oorhandig.**
3. Indien agterstallige skoolgeld oorhandig word vir invordering, word die ouer/voog aanspreeklik gehou vir alle invorderingskommissie en kostes en foie in terme van Wet 114 van 1998.

Vir 2022 is die skoolgeld by 'n ouervergadering op 2 November 2021, vasgestel as **R47 200** per jaar. Dui asseblief aan op watter wyse u onderneem om te betaal.

Betalingsopsies:

1.	Enmalige betaling van R47 200 voor of op 28 Februarie 2022.	
2.	Betaling per debietorder: 10 maandelikse aftrekkings van R4 720 vanaf 2 Februarie 2022 tot 2 November 2022. Sluit 'n voltooide 2022 debietordervorm plus bewys van rekeningnommer in.	
3.	Maandelikse elektroniese oorbetalings: 10 maandelikse betalings van R4 720 in die tjekrekening van Paul Roos Gimnasium vanaf 2 Februarie 2022 tot 2 November 2022.	
4.	<p>Aansoek om gedeeltelike/volle kwytskelding.</p> <p>Om sy belofte van uitnemendheid te handhaaf het die skool elkeen se bydrae nodig. Ons het begrip dat daar families is wat ernstige finansiële uitdagings ervaar en moontlik nie die volle skoolgeld kan bybring nie. Teen hierdie agtergrond is daar geleentheid om aansoek te doen vir 'n verminderde skoolgeld.</p> <p>Ek is van mening dat ek kwalifiseer vir gedeeltelike of volle kwytskelding van betaling van skoolgeld en sal dus daarvoor aansoek doen. Ek is ingelig dat bogenoemde vorm beskikbaar is by kamer 14 en dat ek hulp kan vra met die voltooiing van die vorm. Ek onderneem om voor 28 Februarie 2022 aansoek te doen. Ek sal gebaseer op die vermindering toegestaan, gelyke maandelikse betalings maak t.o.v. die balans. Aansoeke wat na bg. datum ontvang word sal slegs kwalifiseer vir vermindering vanaf datum van ontvangs. Geen onvolledige aansoeke sal oorweeg word nie.</p>	
5.	<p>Vrywillige skenkings.</p> <p>Gee 'n behoeftige leerder die geleentheid om 'n Paul Rooser te word deur gedeeltelik of ten volle sy skoolfonds/koshuisgelde te borg. Enige sodanige borgskap kwalifiseer vir 'n Artikel 18A belastingsertifikaat. Ek onderneem om R_____ ten bate van die Borg 'n Paul Rooser-projek per jaar by te dra. Beplande datum van betaling: _____.</p>	

Deur ondertekening van hierdie dokument aanvaar ek die bostaande bepalinge en onderneem om die skoolgeld stiptelik te betaal soos ek hierbo onderneem het.

NAAM VAN LEERDER:
DATUM:

GRAAD: A

Geteken op die dag van 20 te

HANDTEKENING
Vader/Voog

HANDTEKENING
Moeder/Voog

Bank besonderhede: Paul Roos Gimnasium

ABSA Stellenbosch, takkode **632005**, rekeningnr. **041 014 2791**

Gebruik asb die **Rekeningnommer bv. XYZ001, leerder naam en van** as verwysing.

NAAM VAN LEERDER:
DATUM:

GRAAD: A

Volle naam en van van die persoon verantwoordelik vir die rekening (ouer/voog):

ID-nr.:

Huwelikstatus:

E-pos:

Adres (woon en pos):

Telefoon (huis en sel):

Naam, adres en telefoon van werkgewer:

Volle naam en van van ander ouer/voog:

ID-nr.:

Huwelikstatus:

E-pos:

Adres (woon en pos):

Telefoon (huis en sel):

Naam, adres en telefoon van werkgewer:

Hiermee gee ek toestemming dat bogenoemde e-posadresse en selfoonnommers deur die skool gebruik mag word vir kommunikasie. Ek verklaar dat die inligting hierbo verskaf korrek is en dat ek die skool tydig skriftelik in kennis sal stel van enige veranderinge.

HANDTEKENING
Vader/Voog

HANDTEKENING
Moeder/Voog

Graad (2022): _____

(Kantoorgebruik: Rek nr _____)

NAAM VAN LEERDER:
DATUM:

GRAAD: A

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NO84 VAN 1996
REGULASIES VIR DIE KWYTSKELDING VAN OUERS VIR DIE BETALING VAN SKOOLFONDS

1.	Het die skoolhoof u ingelig aangaande die bedrag wat die jaarlikse skoolfonds beloop?	JA	NEE
2.	Het die skoolhoof u ingelig dat u aanspreeklik is vir die betaling van skoolfonds tensy u geheel en al vrygestel is van die betaling van skoolfonds?	JA	NEE
3.	Het die skoolhoof u ingelig dat u die reg het om aansoek te doen om vrystelling van die betaling van skoolfonds?	JA	NEE
4.	Wil u aansoek doen om sodanige vrystelling?	JA	NEE
5.	Benodig u hulp met die aansoek?	JA	NEE
6.	Het die skoolhoof u van die vorm vir die aansoek vir vrystelling van skoolfonds voorsien? (verwys na punt 4 op bladsy 1 van die betaalwyse vorm).	JA	NEE

HANDTEKENING

REKTOR: A VAN STADEN

DATUM

OUER: HANDTEKENING

OUER: NAAM EN VAN

DATUM

NAAM VAN LEERDER:
DATUM:

GRAAD: A

**PAUL ROOS GIMNASIUM
SKOOL DEBIETORDER 2022**

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

VAN:

EERSTE NAAM EN VERDERE VOORLETTERS:

ID NR:

TELEFOON: (H)

(W)

(S)

HUIDIGE DEBIETORDER: JA / NEE

BANKBESONDERHEDE

NAAM VAN BANK:

TAK:

TAKKODE:

REKENINGNOMMER:

TIPE REKENING:

BANKREKENING NAAM:

MAGTIGING

1. Ek magtig Paul Roos Gimnasium om my bankrekening te debiteer met die bedrag van die maandelikse skoolfonds, insluitende agterstallige skoolfonds deur my verskuldig waarvan ek vooraf kennisgewing gehad het.
2. Ek erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekkings teenoor my rekening te behartig, geen van sy regte aan 'n derde party mag afstaan of seeder sonder my skriftelike toestemming wat vooraf verkry is nie, en dat ek geen van my verpligtinge ingevolge hierdie magtiging aan 'n derde party mag deleger sonder die skriftelike toestemming wat vooraf van die gemagtigde party verkry is nie.
3. Betalings geskied op die tweede dag van die maand met die eerste betaling in Februarie 2022 en die laaste betaling in November 2022. Indien die transaksiedatum op 'n naweek val, sal die transaksie die volgende werksdag plaasvind.
4. Indien die debietorder twee keer deur die bank as onbetaald teruggestuur word, mag die debietorder deur Paul Roos Gimnasium gekanselleer word. In die geval wat Paul Roos Gimnasium die debietorder moet stop, sal ek self verantwoordelik wees vir die oorbetalings van die uitstaande skoolgeld.
5. Ek verstaan dat die onttrekkings wat hiermee gemagtig word deur 'n rekenaar verwerk sal word dmv 'n stelsel bekend as die ACB-magneetbanddiens, en ek verstaan ook dat die besonderhede van elke onttrekking op my/ons bankstaat of op 'n bygaande strokie gedruk sal wees.
6. Ek stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal.
7. Hierdie magtiging kan deur my gekanselleer word deur die skool skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek verstaan dat ek nie op 'n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl die magtiging van krag was indien sodanige bedrae regtens aan u verskuldig was nie.

HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER

DATUM

BESONDERHEDE VAN KINDERS IN SKOOL:

NAAM EN VAN	GRAAD 2022	KANTOORGEBRUIK